Leef uit die Woord
NG Kerk Dordrecht

NG Kerk Dordrecht
Posbus 12
Dordrecht – 5435

Tel: 087 1600 409
E-pos: NgKerkdordrecht@lcom.co.za

Kantoorure
Dinsdae & Donderdae: 08:30 – 12:30

VAKATURE

NG GEMEENTE DORDRECHT

Die NG Gemeente Dordrecht is `n plattelandse gemeente, geleë tussen die Stormberge in die Oos-Kaap.

Gemeente Konteks

Die gemeente is gestig in 1857 en bestaan tans uit 180 belydende lidmate en 50 dooplidmate. Hierdie vakature is `n driejaar-termyn voltydse leraarspos, hernubaar na 3 jaar. Die gemeente resorteer binne die Ring van Dordrecht en die Oos-Kaap Sinode.

Die gemeente bely dat die Bybel die onfeilbare Woord van God is, wat deur die Heilige Gees geinspireer is. Deel van die visie van die Kerkraad is om die bediening aan ons gesinne en gemeenskap uit te bou met die oog op gemeentegroei.

Leraarsprofiel

Alle belangstellende proponente, beroepbare leraars en emeritii tot die ouderdom 68 jaar.

Kerkorde artikel 9 vorm die basis van die leraar se ampswerk in die gemeente.

Die volgende is vir die Kerkraad belangrik:

1. Daar word van hom/haar verwag om in toegewyde verhouding met die Here te leef.
2. Van die aansoeker word Skrifgetroue Woordverkondiging en standpunte verwag.
3. Die bediening van die Woord word belangrik geag om geestelike groei te bevorder:

3.1 deur leiding te neem binne die gemeenskap.
3.2 goeie menseverhoudinge, toeganklikheid en pastorale versorging.
3.3 betrokke te wees binne die gemeenskap.

Aansoekers op die kortlys mag versoek word om in persoon `n diens in ons gemeente aan te bied.

Vergoeding

Ons bied vergoeding volgens Sinodale riglyne vir predikante, maar sal onderhandel word. Behuising sal voorsien word. Reiskoste sal gedek word.

Aansoeke

Indien jy geroepe voel om vir die pos in Dordrecht aansoek te doen, stuur asseblief `n volledige CV, getuigskrifte en afskrifte van akademiese kwalifikasies en akte van legitimasie. Aansoeke moet vergesel wees van `n voltooide vraelys wat per aanvraag gestuur sal word na aansoekers. Begin datum 1 Augustus 2024, maar is onderhandelbaar.

Rig aansoek aan:

Voorsitter :NG GEMEENTE DORDRECHT

Epos :NgKerkdordrecht@lcom.co.za

Sel :Oudl Van Aardt Greyling – 082 782 7674

Sluitingsdatum :25 Mei 2024